basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# MUSIEK V2

# MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 30**

**TYD: 1½ uur**

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK**

| | PUNTE VERWERF | | | GEMODEREER | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VRAAG | NASIENER | | | SN/HN | | HN/IM | | EM | |
| | MAKS | PUNTE | PAR | PUNTE | PAR | PUNTE | PAR | PUNTE | PAR |
| | | 10 | 1 | 10 | 1 | 10 | 1 | 10 | 1 |
| 1 | 4 | | | | | | | | |
| 2 | 4 | | | | | | | | |
| 3/4/5 | 14 | | | | | | | | |
| 6 | 8 | | | | | | | | |
| TOTAAL | 30 | | | | | | | | |

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 1 vel manuskrippapier.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Gehoor | (8) |
| AFDELING B: | Herkenning van Musiekkonsepte | (14) |
| AFDELING C: | Vormontleding | (8) |

2. VRAAG 1, VRAAG 2 en VRAAG 6 is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord ook VRAAG 3 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)) **OF** VRAAG 4 (Jazz) **OF** VRAAG 5 (Westerse Kunsmusiek (WKM)).

4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.

5. Hierdie eksamen sal afgelê word terwyl kandidate na 'n CD luister.

6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die eksamentoesighouer afneem.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.

8. Kandidate mag vir die duur van die eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning by elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK**

1. Laat kandidate by elke vraag toe om eers die vraag deur te lees en speel dan die betrokke snit.

2. Die nommer van elke snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat die musiek begin.

3. Elke musiekuittreksel (snit) moet die aantal kere gespeel word soos wat in elke raampie gespesifiseer word.

4. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.

5. Indien 'n skool meer as een stroom (Inheemse Afrika-musiek (IAM), Jazz of Westerse Kunsmusiek (WKM)) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
   - Elke stroom moet die eksamen in 'n aparte lokaal aflê.
   - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
   - Elke lokaal moet sy eie CD met musiekuittreksels hê.
   - 'n Eksamentoesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.

6. Die snitte moet soos volg gespeel word:
   - IAM-kandidate: Snit 1 tot 22 en Snit 47 tot 50
   - JAZZ-kandidate: Snit 1 tot 9, Snit 23 tot 33 en Snit 47 tot 50
   - WKM-kandidate: Snit 1 tot 9 en Snit 34 tot 50

7. 'n CD-speler wat met 'n battery werk, moet in geval van 'n kragonderbreking beskikbaar wees.

## AFDELING A: GEHOOR (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

Speel Snit 1 TWEE keer na mekaar.

1.1 Noteer die ritme van die ontbrekende note.




(3)

Speel Snit 1 weer TWEE keer.

Speel Snit 2 TWEE keer na mekaar.

1.2 Noteer die ontbrekende note by (A) en (B).




(1)

Speel Snit 2 weer.

**[4]**

**VRAAG 2**

Beantwoord die volgende vrae deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

2.1 Identifiseer die kadense aan die einde van elk van die volgende TWEE uittreksels.

| Speel Snit 3 DRIE keer na mekaar. |
|---|

2.1.1 ______________________________ (1)

| Speel Snit 4 DRIE keer na mekaar. |
|---|

2.1.2 ______________________________ (1)

2.2 Identifiseer die prominente komposisietegnieke in die volgende TWEE uittreksels.

| Speel Snit 5 TWEE keer na mekaar. |
|---|

2.2.1

| Omkering | Verkleining | Kreeftegang | Ostinato |
|---|---|---|---|

(1)

| Speel Snit 6 TWEE keer na mekaar. |
|---|

2.2.2

| Teenbeweging | Sekwens | Omkering | Vergroting |
|---|---|---|---|

(1)

| Speel Snit 7 TWEE keer na mekaar. |
|---|

2.3 Watter EEN van die volgende beskryf die metrum?

| Drieslagmaat | Vierslagmaat | Onreëlmatig | Tweeslagmaat |
|---|---|---|---|

(1)

| Speel Snit 8 TWEE keer na mekaar. |
|---|

2.4 Identifiseer die tipe toonleer wat in hierdie uittreksel gebruik is.

| Chromaties | Mineur | Pentatonies | Heeltoon |
|---|---|---|---|

(1)

Speel Snit 9 TWEE keer na mekaar.

2.5 Dui TWEE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 9 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

| **KOLOM A** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| Monofoniese tekstuur gevolg deur polifoniese tekstuur | |
| SATB met solis | |
| Gesinkopeerde melodieë | |
| Homofoniese tekstuur gevolg deur monofoniese tekstuur | |
| Stemme sing in oktawe aan die begin van die uittreksel | |
| Djembe-begeleiding | |

(2)

(8 ÷ 2) **[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 8**

## AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE

**Beantwoord VRAAG 3 (IAM)**
**OF VRAAG 4 (JAZZ)**
**OF VRAAG 5 (WKM).**

## VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

Luister na die volgende snitte en beantwoord die vrae wat volg.

| Speel Snit 10 DRIE keer na mekaar. |
|---|

3.1 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 10 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Inleiding in vierslagmaat | |
| Melodie in unisoon | |
| Gesproke teks deur 'n hoë manstem | |
| Gesinkopeerde akkordeonakkoorde | |
| Melodie deur 'n tenoorstem | |
| Inleiding in vrye tydmaat | |
| Gesproke teks deur 'n hoë vrouestem | |
| Enkelvoudige tweeslagmaat | |

(3)

| Speel Snit 11 DRIE keer na mekaar. |
|---|

3.2 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 11 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Gesinkopeerde ritmes | |
| Liggaamsperkussie en mafahlawana | |
| Lied in unisoon | |
| Liggaamsperkussie en tamboeryne | |
| Geharmoniseerde melodie | |
| Vokale glysang ('scooping') | |
| SATB | |
| Krepitasie | |

(3)

Speel Snit 12 DRIE keer na mekaar.

3.3 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 12 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Krepitasie word gebruik | |
| Baskitaar speel dieselfde note as tenoorstem | |
| Klawerbord speel enkellynmelodie | |
| Melodie deurlopend herhaal | |
| Djembe, baskitaar en klawerbord | |
| Inleiding met elektriese kitaar | |
| Gesintetiseerde perkussie, baskitaar en klawerbord | |
| Poliritmes | |

(3)

Speel Snit 13 TWEE keer.

3.4 Dui aan of die volgende beskrywings van die uittreksel WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' onder elke beskrywing.

3.4.1 Hierdie uittreksel is 'n maskanda-lied deur Ladysmith Black Mambazo.

________________________________________ (1)

3.4.2 Parallelle beweging in harmonie

________________________________________ (1)

Speel Snit 14 TWEE keer.

3.5 Beskryf die funksie van die krepitasie in hierdie uittreksel.

________________________________________

________________________________________ (1)

Speel Snit 15 TWEE keer.

3.6 Noem die Suid-Afrikaanse solokunstenaar wat jy met hierdie uittreksel assosieer.

______________________________ (1)

3.7 Watter item hieronder beskryf die melodiese beweging op die konsertina in hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| Herhaalde motief | Onomatopee | Afgaande sekwens | Ritmiese improvisasie |
|---|---|---|---|

(1)

Speel Snit 16 en 17 TWEE keer na mekaar.

3.8 Snit 16 en 17 is twee verskillende weergawes van dieselfde lied. Beskryf die begeleiding in elke snit.

Snit 16: ______________________________

______________________________

______________________________

Snit 17: ______________________________

______________________________

______________________________ (2)

Speel Snit 18 en 19 TWEE keer na mekaar.

3.9 Snit 18 en 19 is twee verskillende weergawes van dieselfde lied.

3.9.1 Noem EEN prominente melodiese instrument in die begeleiding van Snit 18.

______________________________ (1)

3.9.2 Noem EEN prominente begeleidingsinstrument in Snit 19.

______________________________ (1)

3.9.3 Beskryf die ritmiese karakter in elke snit.

Snit 18: ______________________________

______________________________

Snit 19: ______________________________

______________________________ (2)

Speel Snit 20 TWEE keer.

3.10 Noem EEN groep/kunstenaar wat jy met hierdie uittreksel assosieer.

______________________________ (1)

3.11 Kies 'n term wat die voordragtegniek beskryf wat in die vokale party gehoor word. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| Poliritme | Roep en antwoord | Lofdig | Improvisasie |
|---|---|---|---|

(1)

Speel Snit 21 TWEE keer.

3.12 Beskryf die funksie van die bastrom en die baskitaar in hierdie uittreksel.

Bastrom: ______________________________

______________________________ (1)

Baskitaar: ______________________________

______________________________ (1)

Speel Snit 22 TWEE keer.

3.13 Beskryf kortliks die volgende VIER musiekkenmerke wat hierdie uittreksel sy kenmerkende stylkarakter gee: harmonie, tempo en polsslag, melodie en instrumentasie.

Harmonie: ______________________________

______________________________ (1)

Tempo en polsslag: ______________________________

______________________________ (1)

Melodie: ____________________________________________

____________________________________________ (1)

Instrumentasie: ____________________________________________

____________________________________________ (1)
(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

## VRAAG 4: JAZZ

Luister na die volgende snitte en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 23 DRIE keer na mekaar.

4.1 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 23 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Melodie 'n oktaaf uitmekaar deur saksofoon en trompet | |
| Vrye melodiese improvisasie | |
| ♩ = 120 | |
| Melodie deur tromboon gespeel | |
| Gesinkopeerde klavierakkoorde | |
| Big band | |
| 12 maat-blues | |
| Enkelvoudige vierslagmaat | |

(3)

Speel Snit 24 DRIE keer na mekaar.

4.2 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 24 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Afro-Kubaanse jazz | |
| Tenoorsaksofoonsolo | |
| Verskeidenheid perkussieritmes | |
| Gesinkopeerde ragtime-ritmes | |
| Vaste vierslagbaslyn | |
| Gebroke-akkoord-melodieë | |
| Big band-verwerking | |
| Geïmproviseerde blaserpartye | |

(3)

Speel Snit 25 DRIE keer na mekaar.

4.3 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 25 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Herhalende frases in baslyninleiding | |
| Majeur toonsoort | |
| Vermenging van Dixieland en swing | |
| Versierde vokale lyn | |
| Wye vokale omvang | |
| 'Comping' in ritmeseksie | |
| Onreëlmatige tydmaat | |
| Polifoniese tekstuur | |

(3)

Speel Snit 26 TWEE keer.

4.4 Dui aan of die volgende beskrywings van die uittreksel WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' onder elke beskrywing.

4.4.1 Vermenging van inheemse Afrika-musiek en blues

________________________________________ (1)

4.4.2 Ritualistiese stemming met modale tonaliteit

________________________________________ (1)

Speel Snit 27 TWEE keer.

4.5 Beskryf die rol van die klavier in hierdie uittreksel.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

Speel Snit 28 TWEE keer.

4.6 Noem die Suid-Afrikaanse jazz-styl wat jy met hierdie uittreksel assosieer.

______________________________________________________ (1)

4.7 Watter item hieronder beskryf die melodiese beweging van die blaserseksie in hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| Opgaande sekwens | Melodiese omkering | Afgaande sekwens | Melodiese improvisasie |
|---|---|---|---|

(1)

Speel Snit 29 en 30 TWEE keer na mekaar.

4.8 Beskryf die gegewe aspekte van die musiek in Snit 29 en 30.

| ASPEKTE | SNIT 29 | SNIT 30 |
|---|---|---|
| **Instrumentasie van inleiding** | | |
| **Tipes sanger(s)** | | |
| **Tempo/Polsslag** | | |

(6)

Speel Snit 31 TWEE keer.

4.9 Noem EEN groep/kunstenaar wat jy met hierdie vokale jazz-styl assosieer.

______________________________________________________________ (1)

4.10 Kies 'n term wat die komposisietegniek beskryf wat in die vokale party gehoor word. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| Sekwens | Poliritme | Herhaling | Improvisasie |
|---|---|---|---|

(1)

Speel Snit 32 TWEE keer.

4.11 Beskryf die funksie van die baslyn in hierdie uittreksel.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

Speel Snit 33 TWEE keer.

4.12 Beskryf kortliks die volgende DRIE musiekkenmerke wat hierdie uittreksel sy eiesoortige stylkarakter gee: melodie, ritme en harmonie.

Melodie: ______________________________________________________

______________________________________________________ (1)

Ritme: ______________________________________________________

______________________________________________________ (1)

Harmonie: ______________________________________________________

______________________________________________________ (1)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

**VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

Luister na die volgende snitte en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 34 DRIE keer na mekaar.

5.1 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 34 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Fluit en trompet speel melodie in unisoon | |
| Trompet speel melodie | |
| Orrel- en koperblaas-begeleiding | |
| Acciaccaturas | |
| Saamgestelde vierslagmaat | |
| Doppio movimento | |
| Melodiese versiering | |
| Herhalende melodiese fragmente | |

(3)

Speel Snit 35 DRIE keer na mekaar.

5.2 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 35 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Legato-melodie op saksofoon | |
| Skutter | |
| Non legato-melodie op solotrompet | |
| Simbale | |
| Moderne stylperiode | |
| Stryker-, blaser- en perkussie-ensemble | |
| Wals | |
| Groot simfonieorkes | |

(3)

Speel Snit 36 DRIE keer na mekaar.

5.3 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 36 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Drieslagmaat | |
| Molto legato e pianissimo | |
| Allegro giocoso | |
| Harmonieë in noue ligging | |
| Melismas | |
| SSAB | |
| Adagio espressivo | |
| Opera | |

(3)

Speel Snit 37 TWEE keer.

5.4 Dui aan of die volgende beskrywings van die uittreksel WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' onder elke beskrywing.

5.4.1 Gebalanseerde frases en homofoniese tekstuur

________________________________________ (1)

5.4.2 Allegro-seksie van die ouverture tot *Die Towerfluit*

________________________________________ (1)

Speel Snit 38 TWEE keer na mekaar.

5.5 5.5.1 Identifiseer die korrekte ritmiese motief wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

 ☐

 ☐

 ☐ (1)

5.5.2 Beskryf die gegewe aspekte van die musiek in Snit 38.

| **ASPEKTE** | **SNIT 38** |
|---|---|
| **Tempo** | |
| **Openingsmate** | |

(2)

Speel Snit 39 TWEE keer na mekaar.

5.6 5.6.1 Identifiseer die korrekte ritmiese motief wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

 ☐

 ☐

 ☐ (1)

5.6.2 Beskryf die gegewe aspekte van die musiek in Snit 39.

| ASPEKTE | SNIT 38 |
|---|---|
| **Tempo** | |
| **Openingsmate** | |

(2)

Speel Snit 40 TWEE keer na mekaar.

5.7 Noem die karakter in *Die Towerfluit* wat jy met hierdie uittreksel assosieer.

_______________________________________________ (1)

5.8 Watter item hieronder beskryf die vokale lyn in hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| Melismaties | Sillabies | Melismaties en sillabies | Improvisatories |
|---|---|---|---|
| | | | |

(1)

Speel Snit 41 en 42 TWEE keer na mekaar.

5.9 Voltooi die volgende tabel:

| EIENSKAP | SNIT 41 | SNIT 42 |
|---|---|---|
| **Tydmaatteken** | | |
| **Stemming** | | |

(2)

Speel Snit 43 TWEE keer.

5.10 Noem die komponis van die werk waaruit hierdie uittreksel geneem is.

______________________________ (1)

5.11 Identifiseer die gedeelte van hierdie werk waaruit hierdie uittreksel geneem is. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| GEDEELTE VAN WERK | ANTWOORD |
|---|---|
| Begin van die uiteensetting | |
| Tweede tema/onderwerp | |
| Einde van die ontwikkeling | |
| Begin van die rekapitulasie | |

(1)

Speel Snit 44 TWEE keer na mekaar.

5.12 Beskryf die basparty in hierdie uittreksel.

______________________________

______________________________ (1)

Speel Snit 45 en 46 TWEE keer na mekaar.

5.13 Beskryf die gegewe aspekte van die musiek in Snit 45 en 46.

| ASPEKTE | SNIT 45 | SNIT 46 |
|---|---|---|
| **Hantering van melodie in die strykers** | | |
| **Begeleiding** | | |

(4)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

## AFDELING C: VORMONTLEDING (VERPLIGTEND)

## VRAAG 6

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Speel Snit 47 EEN keer om 'n algemene oorsig te gee. |
|---|

Luister na die stuk hieronder terwyl jy die partituur bestudeer.



Speel Snit 47 weer.

6.1 Gee 'n skematiese uitleg van die struktuur. Trek rye in die tabel hieronder en dui elke seksie met sy ooreenstemmende maatnommers aan.

| SEKSIES | MAATNOMMERS |
|---|---|
| | |

(3)

Speel Snit 48 TWEE keer na mekaar (maat 1 tot 8).

6.2 Noem die toonsoort en tipe kadens by (S). Die notasie word NIE op die partituur aangedui NIE.

Toonsoort: ______________________________

Kadens: ______________________________ (2)

Speel Snit 49 TWEE keer na mekaar (maat 9 tot 16).

6.3 Vergelyk die volgende mate in die tjelloparty (die notasie by (X) en (Z) is NIE op die partituur aangedui NIE):

6.3.1 Maat 9 tot 10 by (W) met maat 11 tot 12 by (X)

Noem die komposisietegniek by (X).

______________________________ (1)

6.3.2 Maat 13 by (Y) met maat 14 by (Z)

Noem die komposisietegniek by (Z).

______________________________ (1)

6.4 Lewer kommentaar op die F# in die begeleiding in maat 19.

____________________________________________________ (1)

| Speel Snit 50 vir 'n finale oorsig. |
|---|

**TOTAAL AFDELING C: 8**
**GROOTTOTAAL: 30**

Kopiereg voorbehou

*Kopiereg voorbehou*